Kennisgewing van Benoemingsbevestigingsvergadering en Verkiesing

Verkiesing van Ouers van Leerders tot Beheerliggaam

*(Regulasies 18 en 19 van die Regulasies op Prosedures vir die Verkiesing en Instelling van Beheerliggame by Openbare Skole, 2024)*

NAAM VAN SKOOL: **Hoërskool Jan van Riebeeck** EMIS-NOMMER: 103310246

Kennis geskied hiermee soos volg:

1. Een ouer lid van die Beheerliggaan het bedank en die een vakature moet gevul word.

2. 'n Ouer van 'n leerder wat die bogenoemde skool bywoon, wie se naam op die kieserslys van die skool is, mag enige ander ouer van 'n leerder wat die skool bywoon wie se naam op die keiserslys van die skool is benoem, of sodanige ouer se benoeming sekondeer, deur 'n voltooide benoemingsvorm teen nie later nie 14 Oktober 2025 by die skool af te lewer.

3. 'n Benoemingsbevestigingsvergadering, wat deur benoemde ouers bygewoon mag word, sal gehou word op-
   *(a)* Datum: 14 Oktober 2025 Plek: Skoolsaal Tyd: 19:00
   om die volgende sake af te handel:
   (i) alle benoemings te oorweeg;
   (ii) alle benoemings te verwerp wat nie verkiesbaar is nie of wat nie behoorlik voltooi is nie; en
   (iii) 'n lys opstel van benoemde ouers wat kwalifiseer om kandidate te wees.

4. Enige persoon mag 'n beswaar teen enige benoeming skriftelik by die skoolkiesbeampte, mnr. Naas Beets aanteken teen 16:00 op 14 Oktober 2025.

5. 'n Verkiesing sal gehou word op 28 Oktober 2025 by Hoërskool Jan van Riebeeck en die stemstasie sal om 19:00 open en om 20:00 sluit.

   Hierdie verkiesing sal slegs gehou word indien meer ouerkandidate benoem word as die getal lede wat verkies moet word.

6. Die tel van stembriewe sal gehou word op 28 Oktober 2025 by Hoërskool Jan van Riebeeck nadat die stemming by die verkiesing gesluit het en benoemdes mag hierdie sessie bywoon.

7. U word hiermee daaraan herinner om-

*(a)* 'n vorm van identifikasie saam te bring om u toe te laat om te stem. Die vorm van identifikasie moet 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart of groen staafkode-identiteitsdokument wees, 'n tydelike identiteitsdokument uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake of, in die geval van 'n buitelander, 'n permit uitgereik ingevolge die "Immigration Act, 2002" (Wet 13 van 2002); en

*(b)* die volgende faktore in aanmerking te neem wanneer ouerkandidate benoem en verkies word:

(i) die beginsel van billikheid;

(ii) die noodsaaklikheid om onregte van die verlede reg te stel; en

(iii) die noodsaaklikheid van verteenwoordiging.

8. Indien die getal benoemde ouerkandidate gelyk is aan die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, sal die ouerkandidate as verkose lede van die beheerliggaam geag word, en daar sal geen verkiesing wees nie.

9. Indien die getal benoemde ouerkandidate meer is as die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, moet 'n verkiesing gehou word.

10. Indien die getal benoemde ouerkandidate minder is as die getal lede wat verkies moet word, en hulle verkiesbaar is om as lede in die beheerliggaam te dien, moet die skoolkiesbeampte verklaar dat die ouerkandidate na behore verkies is, en verdere benoemings van ouerkandidate aanvra.

03/10/2025
DATUM

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

ADRES:
52 KLOOFSTRAAT
KAAPSTAD
8001